

Terugvoer Sinodale Diensraad

Die Voorsitter, Dirkie van der Spuy, vertel van die Sinodale Diensraad se vergadering van 22 Februarie 2018

1. Tydens ons afgelope vergadering het ons kennis geneem van **goeie reën** wat oor ons hele sinodale gebied uitgesak het en dat boere oor die algemeen baie dankbaar is omdat hulle lande en gebiede groen is. Daar heers ook erns in gemeentes om vir die **nuwe president** te bid sodat hy met wysheid en durf ons land op 'n nuwe pad sal lei. Ons eer die Here vir sy troue sorg en verhoring van gebede.
2. Ons dank die Here vir die afgevaardigdes van 55 gemeentes wat die twee **Voetsoolsinodes** bygewoon het. Die terugvoer is oorweldigend positief en daar het nuwe visie en entoesiasme gekom om kerk te wees soos Christus dit bedoel het. Hierdie gemeentes het ook aan die einde saam beplan aan 'n aantal dinge wat hulle as gemeente kan doen om groter impak te maak as gestuurde gemeentes. Die belangrike volgende tree is om hierdie gedagtes nou in elke gemeente te implementeer en om in die praktyk die liefde van Christus in hierdie wêreld meer effektief uit te dra.
3. Die Diensraad beplan ook om in gehoorsaamheid agter Jesus aan te volg en gemeentes vorentoe steeds te begelei om meer missionaal te word. Daarom sal die gemeentes se uitreike en gestuurdheid na die wêreld steeds die tema bly van die komende **konferensie vir leraars 26-27 Maart** en ook van die **Sinodesitting 21-23 Oktober** hierdie jaar. Ons herinner leraars om dadelik by die kantoor in te skryf vir volgende maand se konferensie.
4. Daar was ook 'n interessante bespreking oor die toerusting en bemagtiging van **ouderlinge** wat in

gemeentes erediens-bevoegdheid kan kry om te preek as daar nie 'n leraar beskikbaar is nie. Verder inligting kan by die sinodale kantoor gekry word.

5. Daar was ook die afgelope aantal jare verskillende inisiatiewe om nader te kom aan die **Verenigende Gereformeerde Kerk** wat as dogterkerk uit die sendingaksies van die NG Kerk ontstaan het. Daar is op verskeie fronte gebou aan verhoudings en op baie plekke is daar geseënde samewerking. Die Algemene Sinode het ook reeds 'n Tussenorde goedgekeur wat gemeentes kan help om beter en meer effektief saam te werk. Ons sal graag ter wille van die getuienis van die kerk wou weet waar daar in ons sinodale gebied reeds sulke verhoudinge en samewerking tussen NG gemeentes en gemeentes of leiers van die VGK bestaan.
6. Die Diensraad is ook besig om 'n plan op te stel hoe ons as kerk in **noodsituasies** dadelik en effektief hulp kan verleen en gemeentes mobiliseer om saam te werk om noodleniging te doen. Hierdie plan moet 'n getuienis tot eer van Christus uitdra.
7. Ons is dankbaar dat die **sinodale verpligting** van gemeentes steeds die laagste van al die sinodes is en wel op 3.8% van gemeentes se inkomste bereken word.
8. Kom ons **bly bid** steeds vir mekaar, vir ons gemeentes en vir ons land.

Dirkie van der Spuy